# Kontak-kring
Kleingroepriglyne

**Wysheid kom van Bo.**
**Jakobus 3: 13 – 4: 3, 7-8a**

## DAAR & DAN
kontak met God se Storie

**1. Kontak met mekaar**
Aankoms, verwelkoming en verversings.

**Ysbreker**
Wie beskou jy as 'n wyse mens? Hoekom?

**2. Kontak met God**
Oorweeg dit om 'n kers aan te steek om God se teenwoordigheid te simboliseer. Plaas dit in die middel van die groep.

Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Lees Psalm 1 as 'n gebed.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Dank God daarvoor.

**3. Kontak met die Woord**
Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees dan Jakobus 3: 13 – 4: 3, 7- 8a en gesels oor die volgende.

## HIER & NOU
kontak met myself & Godstories

Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

Wat is Jakobus se bekommernis? Wat is die probleem in sy gemeenskap?

In die teks is daar sprake van positiewe en negatiewe wysheid. Noem dit en wat is die verskil?

Gesels oor die stelling: "*Ons leef in 'n wêreld waar biljoene spandeer word aan die bemarking van selfsug, naywer en gierigheid*". Stem julle saam? Waar en hoe sien ons dit? Wat is die gevolge en gevare daarvan?

Identifiseer die eienskappe van wysheid wat van Bo kom (vers 17). Formuleer 'n definisie van elkeen in julle eie woorde. Noem ook voorbeelde om dit te illustreer. Wat is die gevolge daarvan? Waarmee sukkel jy die meeste?

Hoe onderwerp mens jouself aan God?

## VERDER & VOOR
kontak met mekaar & ander

Bybelse wysheid beïnvloed jou verhouding met ander. Hoe help die gedeelte jou hiermee? Wat moet jy anders doen?

## Vir die Begeleier

Maak 'n paar fotostate van die teksgedeelte en neem dit saam.

Dis ook altyd insiggewend om verskillende vertalings van die teks te lees.

## Bedien Mekaar
kontak deur gebed

Deel gebedsversoeke en skryf dit in julle gebedsdagboeke en bid in die week daarvoor. Onthou om ook gebedsverhoring en Godservarings neer te skryf.

Dra die gebedsversoeke aan God op.

Sluit af met gebede.